

T.11.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE TAAKSPAN

KERKVERBAND

(Vgl A.11 bl 249, Aanvullende Agenda A.11 en T.18.2 Tweede verslag van die Tydelike Taakspan Regte bl 1 pt 1.11)

1. Die Tydelike Taakspan Kerkverband het vergader en dien die Algemene Sinode met die volgende aanbeveling ten opsigte van A.11 asook die opdrag wat hierdie Sinode moet hanteer ten opsigte van die frekwensie en samestelling van die vergadering van die Algemene Sinode:

- 1.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag A.11 en alle voorstelle/ amendemente in die verband.
- 1.2 Die Algemene Sinode verwys al die stukke in 1.1 na die 10 samestellende sinodes vir bespreking en kommentaar aan die ASM met die oog op 'n finale verslag aan die volgende Algemene Sinode in sitting.
- 1.3 Die huidige frekwensie van vergadering (tweejaarliks) en die huidige samestelling van die Algemene Sinode (200) word intussen gehandhaaf.
- 1.4 Die ASM word vir die reses bedryf as uitgebreide Moderamen (vier afgevaardigdes uit elk van die 10 saamstellende sinodes) met die oog op beter kommunikasie en groter kapasiteit.
- 1.5 Die Algemene Sinode versoek die TTR om die nodige reglementswysiginge aan te bring en tydens hierdie Sinode aan die Sinode voor te lê vir goedkeuring.

1.A.11 KERKVERBAND

1.1 AANBEVELINGS: LAATSTUK A.11 KERKVERBAND

- 1.1.1 Die Algemene Sinode besluit dat Laatstuk A.11 ontvanklik is.
- 1.1.2 Die Algemene Sinode verwys Laatstuk A.11 na die Tydelike Taakspan Kerkverband om die Algemene Sinode te adviseer oor die verdere hantering tydens en na afloop van die vergadering.

Artikel 43

- 43.1 Tot die taak van die Algemene sinode hoort:
 - 43.1.1 dit wat uitdrukking gee aan die Kerk se gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, Belydenis, Kerkorde, roeping en beleid;
 - 43.1.2 dit wat die Kerk se nasionale en internasionale ekumeniese verhoudinge raak;
 - 43.1.3 dit wat die Kerk se publieke getuienis op nasionale en internasionale gebied raak (vergelyk Artikel 67.4 van die Kerkorde) 20;
 - 43.1.4 die viering van die kerk se onderlinge verbondenheid;

- 43.1.5 die aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word;
- 43.1.6 die vasstelling van die Belydenisskrifte ooreenkomstig Arikel 44, die Kerkorde, die liturgiese formuliere en gebruike, die liederebundel(s) en die liturgiese grondlyne vir eredienste;
- 43.1.7 die vasstelling van die formele vereistes vir die opleiding van die bedienars van die Woord;
- 43.1.8 die administrasie van vaste eiendom en fondse van die Algemene Sinode 21;
- 43.1.9 die beheer oor algemene kerklike media;
- 43.1.10 die hantering van appèlsake wat voor die Algemene Sinode gebring word.